

KONINKRYK. SUPPLEMENT 9

[DIE GELYKENISSE VAN JESUS] DIE VRAENDE SEUN

“Die gelykenis van die vraende seun” in Matteus 7:7-12 en Lukas 11:9-13 is ’n gelykenis oor **VRYMOEDIGE EN VOLHARDENDE GEBED IN DIE KONINKRYK VAN GOD.**

Lees Matteus 7:7-12 en Lukas 11:9-13.

1. Verstaan eers die natuurlike verhaal van die gelykenis.

Inleiding. Die gelykenis word met figuurlike woorde vertel en die geestelike betekenis van die gelykenis word hierop gebaseer. Daarom bestudeer ons eers die woorde en die kulturele en historiese feite van die agtergrond van die verhaal.

Bespreek. Wat is die lewensgetroue elemente van die verhaal?

Aantekeninge.

Die verhaal van hierdie gelykenis is in die vorm van ’n vraag. Wanneer kinders hul vaders vir goeie dinge vra, gee gewone vaders in die wêreld nooit slegte dinge vir hulle nie! Alhoewel die vaders in die wêreld nie volmaak is nie, selfs sondig en soms kwaadaardig is, weet hulle goeie gewas aan hul kinders te gee! In Matteus praat Jesus oor “’n brood en ’n klip”, “’n vis en ’n slang”, maar in Lukas praat Hy oor “’n vis en ’n slang”, “’n eier en ’n skerpioen”. Al hierdie elemente van die verhaal kan mense goed verstaan.

2. Bestudeer die verband en bepaal die elemente van die gelykenis.

Inleiding. Die verband van die “verhaal” van die gelykenis kan bestaan uit “die agtergrond” en “die uitleg of toepassing” van die gelykenis. Die agtergrond van die gelykenis verwys na *die aanleiding* (rede) om die verhaal te vertel, of beskryf *die omstandighede* waaronder die verhaal vertel is. Die aanleiding word gewoonlik *vóór die verhaal* gevind en die uitleg of toepassing word gewoonlik *ná die verhaal* gevind.

Ontdek en bespreek. Wat is die aanleiding, die verhaal en die uitleg of toepassing van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

In Lukas 11 verskil die verband, die verhaal en die uitleg of toepassing van die verband, van die verhaal en die uitleg of toepassing in Matteus 7. Dit toon aan dat Jesus Christus dieselfde waarhede in verskillende omstandighede geleer het, soos leraars vandag nog doen.

(1) Die aanleiding van die gelykenis staan in Matteus hoofstukke 5-7.

Dit bestaan uit die Bergrede en die eise vir ’n regverdige manier van lewe. Hierdie eise is nie maklik nie. Sonder God sou die burgers in God se koninkryk nie in staat wees om die vereistes van God se koninkryk uit te leef nie. Daarom spoor Jesus sy toehoorders aan om die noodsaak van vrymoedige en volhardende gebed ernstig op te neem. Hy leer hulle om te vra, te soek en te klop. Elkeen van hierdie drie vermanings impliseer meer as die voorgaande vermaning.

Om te vra impliseer nederigheid en ’n besef van ’n behoefte of nood. Die woord “vra” beteken: as ’n kind sy vader vra of as ’n dienaar sy meester vra. Jakobus 4:2 leer dat mense wat nie vra nie ook nie ontvang nie! In Lukas 18 vra die Fariseër niks nie en ontvang daarom ook niks nie! In plaas van om te vra, het hy God vertel hoe goed hy is. Maar die tollenaar het gevra dat God hom genade sou toon oor sy sonde en ontvang toe God se vergewing (regverdiging). “Om te vra” veronderstel geloof in ’n persoonlike God met wie jy kan omgaan. As jy vra, verwag jy ook ’n antwoord. En dit impliseer dat jy glo in ’n God wat kan, wil en sal antwoord!

Om te soek impliseer vra en handel. Die woord “soek” beteken: soek om te vind, ondersoek om te ontdek, verlang om te besit. Byvoorbeeld, as jy God vra om die Bybel beter te kan verstaan, behoort jy ook die Bybel te bestudeer, met ander Christene die Bybel te bespreek en te strew om in ooreenstemming met die Bybel te lewe. Of as jy vir ’n behoefte mens bid, behoort jy ook sy nood te verstaan, te ondersoek wat jy daaraan sou kan doen en metterdaad iets daaraan doen.

Om te klop impliseer vra, handel en volharding. Die woord “klop” beteken: om te klop totdat die deur oopgemaak word. Dit impliseer om aan te hou bid totdat jy ’n antwoord ontvang het. Al drie werkwoorde staan in die onvoltooide teenwoordige tyd en impliseer: “Vra volhardend!”, “Soek volhardend!” en “Klop volhardend!”

De drie vermanings word gevolg deur drie beloftes. Als jy die voorwaardes vervul, sal God sy beloftes ook vervul. Elke mens wat opreg vra, sal ontvang! Elke mens wat aanhoudend soek, sal vind! Vir elke mens wat volhardend klop, sal die deur oopgemaak word! God belooft dat geen enkele Christen teleurgestel sal word nie! Op hierdie punt vertel Jesus die gelykenis van die vraende seun.

(2) Die verhaal van die gelykenis staat in Matteus 7:9-10.

(3) Die uitleg of toepassing van die gelykenis staan in Matteus 7:11-12.

In die Matteus Evangelie sê Jesus dat as aardse vaders wat sondig en onvolmaak van nature is aan hul vraende kinders goeie dinge geen wat hulle geen kwaad doen nie, *hoeveel te meer* sal die hemelse Vader nie goeie dinge gee aan sy kinders nie? In Lukas 11:13 sê Jesus dat die hemelse Vader die Heilige Gees sal gee aan hulle wat daarom vra. Daar is geen teenstellings in die toepassings van hierdie twee gelykenisse nie, omdat die Heilige Gees die Bron van alle goeie gawes op die aarde is (Jakobus 1:17)!

3. Bepaal watter besonderhede in die gelykenis relevant is.

Inleiding. Jesus het nie bedoel dat elke besonderheid (detail) in 'n gelykenis noodsaaklik 'n geestelike betekenis moet hê nie! Gelykenisse is nie allegorieë nie. Die relevante besonderhede in die verhaal van 'n gelykenis versterk die sentrale gedagte, die hooftema of die les van die gelykenis. Daarom moet ons nie aan elke besonderheid van die verhaal van 'n gelykenis 'n geestelike betekenis toeskryf nie!

Ontdek en bespreek. Watter details in hierdie gelykenis (verhaal) is werklik essensieel of relevant?

Aantekeninge.

Die vader en sy seun. Uit die toepassing blyk dat “die vader” en “die seun” die hemelse Vader en 'n Christen verteenwoordig. Maar die vergelyking gaan nie heeltemal op nie, omdat aardse vaders sondig, onvolmaak en swak is, maar God die Vader heilig, absoluut volmaak en almagtig is!

Die brood en die vis. Hulle verteenwoordig “die goeie gawes” wat God die Vader aan 'n Christen in sy gebed gee.

'n Klip en 'n slang. Hulle verteenwoordig “die slegte dinge” wat God die Vader nooit aan 'n Christen sal gee nie!

4. Bepaal die belangrike boodskap van die gelykenis.

Inleiding. Die belangrike boodskap (die sentrale boodskap of die hooftema) van die gelykenis word gevind in die uitleg of toepassing van die gelykenis of in die verhaal van die gelykenis self. Uit hoe Jesus self sy gelykenisse uitlê of toepas, weet ons hoe ons gelykenisse moet uitlê. 'n *Gelykenis het meesal maar één hooftema, één belangrike boodskap, één sentrale les.* Daarom moet ons nie probeer om 'n geestelike waarheid in elke besonderheid van die verhaal van die gelykenis te vind nie. Dus, bepaal die belangrike boodskap van 'n gelykenis.

Bespreek. Wat is die belangrike boodskap van hierdie gelykenis?

Aantekeninge.

De gelykenis van die vraende seun in Matteus 7:7-12 gaan oor “vrymoedige en volhardende gebed in die koninkryk van God.”

Die belangrike boodskap van hierdie gelykenis is die volgende: “God, die hemelse Vader, sal sy kinders wat dinge in gebed vra, nie teleurstel nie. Hy sal vrae wat gepaard gaan met soek en klop, dit wil sê, wat gepaard gaan met geloof wat handel en aanhoudende volharding, beantwoord.

God die Vader sal nooit een van sy kinders teleurstel nie as hulle bid. Dit beteken nie dat God altyd alles sal gee waar sy kinders om vra nie. Hy sal nooit iets gee wat sleg vir hulle is en hul kwaad sal aandoen nie. Hy sal hulle die Heilige Gees en alle weldade van die Heilige Gees gee. Die vrug van die Gees sal hul karakter verander (Galasiërs 5:22-23); die wysheid van die Gees sal hul vyande nie kan weerstaan nie (Matteus 10:19-20; Handeling 6:10); en Hy sal deure oopmaak wat geen mens kan sluit nie (Openbaring 3:7-8). God die Vader het sy kinders lief en sorg vir hulle maar Hy wil wel dat hulle Hom vra vir wat hulle nodig het!

Gebed is een van die grondliggende kenmerke van God se Koninkryk. Die ware burgers in God se koninkryk bid volhardend voordat hulle handel en bid volhardend terwyl hulle handel.

5. Vergelyk die gelykenis met vergelykbare Bybelgedeeltes.

Inleiding. Sommige gelykenisse het ooreenkomste en kan met mekaar vergelyk word. Maar die waarheid in alle gelykenisse het vergelykbare waarhede wat in andere Bybelgedeeltes geleer word. Probeer om die belangrikste verwysings in die Bybel te vind wat jou help om die gelykenis uit te lê. Vergelyk altyd die uitleg van 'n gelykenis met die direkte en duidelike onderrig van die Bybel.

Ontdek en bespreek. Hoe vergelyk die volgende Bybelgedeeltes met wat hierdie gelykenis leer?

Aantekeninge.

Sien “die gelykenis van die biddende vriend” in Lukas 11:5-10 en “die gelykenis van die volhardende weduwee” in Lukas 18:1-8 in les 29 van handleiding 11.